

Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.

Skriflesing : 2 Korinthiers 13 verse 1 tot 13

Tema : Ondersoek, vrae en sieninge

BROODJIES VIR DIE PAD

“God changes his appearance every second. Blessed is the man who can recognize him in all his disguises.”

— Nikos Kazantzakis, *Zorba the Greek*

“Love is holy because it is like grace--the worthiness of its object is never really what matters.”

— Marilynne Robinson, *Gilead*

“What seems to us as bitter trials are often blessings in disguise”

— Oscar Wilde, *The Importance of Being Earnest*

“Stop asking God to bless what you're doing. Find out what God's doing. It's already blessed.”

— Bono

“have you learned the lessons only of those who admired you, and were tender with you, and stood aside for you? Have you not learned great lessons from those who braced themselves against you, and disputed passage with you?”

— Walt Whitman

“Re-examine all you have been told. Dismiss what insults your soul.”

— Walt Whitman

“What hurts you, blesses you. Darkness is your candle.”

— Rumi

“Man likes to make roads and to create, that is a fact beyond dispute. But why has he such a passionate love for destruction and chaos also?”

— Fyodor Dostoyevsky, *Notes from Underground, White Nights, The Dream of a Ridiculous Man, and Selections from The House of the Dead*

“Human beings are poor examiners, subject to superstition, bias, prejudice, and a PROFOUND tendency to see what they want to see rather than what is really there.”

— M. Scott Peck, *The Road Less Traveled: A New Psychology of Love, Traditional Values, and Spiritual Growth*

“The work of an intellectual is not to mould the political will of others; it is, through the analyses that he does in his own field, to re-examine evidence and assumptions, to shake up habitual ways of working and thinking, to dissipate conventional familiarities, to re-evaluate rules and institutions and to participate in the formation of a political will (where he has his role as citizen to play).”

— Michel Foucault

“Philosophy is a necessary activity because we, all of us, take a great number of things for granted, and many of these assumptions are of a philosophical character; we act on them in private life, in politics, in our work, and in every other sphere of our lives -- but while some of these assumptions are no doubt true, it is likely, that more are false and some are harmful. So the critical examination of our presuppositions -- which is a philosophical activity -- is morally as well as intellectually important.”

— Karl Popper

“For me, and for many of us, our first waking thought of the day is “I didn’t get enough sleep.” The next one is “I don’t have enough time.” Whether true or not, that thought of not enough occurs to us automatically before we even think to question or examine it. We spend most of the hours and the days of our lives hearing, explaining, complaining, or worrying about what we don’t have enough of. ...Before we even sit up in bed, before our feet touch the floor, we’re already inadequate, already behind, already losing, already lacking something. And by the time we go to bed at night, our minds are racing with a litany of what we didn’t get, or didn’t get done, that day. We go to sleep burdened by those thoughts and wake up to that reverie of lack. ...This internal condition of scarcity, this mind-set of scarcity, lives at the very heart of our jealousies, our greed, our prejudice, and our arguments with life.”

— Brené Brown, *Daring Greatly: How the Courage to Be Vulnerable Transforms the Way We Live, Love, Parent, and Lead*

“There are no mistakes, no coincidences. All events are blessings given to us to learn from.” — Elizabeth Kubler-Ross, M.D.

Dana Snyman: Ek trek al hoe meer terug in die stilte in my

Dit word al hoe moeiliker vir my om bergaf te ry. Dorp toe. Die motors. Die mense. Geraas.

Stilte is vir eers my grootste bondgenoot.

Ek voel bevoorreg om te kan sê ek hoef nie meer in 'n stad te woon nie. Nie dat ek 'n ryk man is nie. Inteendeel. Maar ek en die honde het elke dag kos om te eet, my rakke is vol boeke en my rekenaar maak dit vir my moontlik om hier van ver af met woorde te smous.

'n TV-stel het ek nie meer nie. Ook nie Netflix of die ambisie om enige hoë posisie te beklee nie. Begeertes verskraal jou menslikheid. Wie het dít gesê? Die Bybelse Prediker? Boeddha?

Soggens word ek wakker en dink: Luister net daar. Die stilte.

Iets ná sewe sal die buurvrou se hekkie toe-klik en kort daarna sal sy wegry werk toe. In die grootpad sal dalk 'n houtlorrie veraf dreun. Soms hoor jy die wind deur die palmboom voor die venster se blare skuur. Dit het my omtrent 'n leeftyd geneem om die waarde van stilte te besef.

Ek is grootgemaak om byna vyandig teenoor stilte te wees. In die laerskool het die juffrou jou gestraf deur jou eenkant in die klas te laat sit, met jou wysvinger oor jou mond, tjoepstil. Oor 'n stil kind, 'n introvert, is vrae gevra. In jou stiltetyd het jy die stilte met 'n stukkie uit die Bybel en dikwels ook met 'n smeekgebed verjaag.

Om op 'n gewone weksdag in 'n skemer kerkgebou 'n kers op te steek en die skemerte in jouself stil na die lig te probeer bring, was nie deel van ons godsdienstige beleving nie. Dit was Rooms, is ons gemaak glo. Iets gevaarliks.

Niemand het ons vertel daar is 'n ou tradisie, ver meer as 'n duisend jaar oud, in die Christelike kerk – en ook in ander gelowe – om stilte te beskou as die plek waar jy jou ware self en die Onsienlike kan ontmoet. Nóú eers leer ek van die Woestynvaders en mense soos die Heilige Teresa van Avila, Thomas Merton en ander.

Merton, 'n Roomse monnik, wat iewers skryf: “What can we gain by sailing to the moon if we are not able to cross the abyss that separates us from ourselves?”

Ek wil nie soos 'n monnik leef nie. Ek bly 'n NG mens en dit is gaaf om party aande op te stap na die Nagkantoor en saam met die dorpsmense te kuier.

Stilte leer jou om beter te luister.

Maar laataand, wanneer ek terugstap huis toe, is die stilte genadiglik terug. Die magtige werkinge van die kosmos en die lewe gebeur in stilte: Die aarde wat teen 'n verbysterende spoed om sy eie as draai terwyl dit om die son beweeg. Mense en plante wat groei en verander. 'n Blom wat oopvou. Alles in stilte. Smiddae vat ek en die honde die bergpaadjie en probeer ek myself leegmaak en vol stilte word. Soms kry jy dit vir 'n paar sekondes reg.

Eers aanstaande week sal ek weer bergaf hoef te gaan.

BROOD VIR DIE PAD

Elke asem in en elke asem uit is aan ons geleen -RRV-

“Ons leef op geleende asem,” skryf die Amerikaanse teoloog David Kelsey in sy omvattende werk *Eccentric Existence: A Theological Anthropology*.

Ek het aan dié stelwyse van Kelsey oor ons menslike toestand gedink met die lees van Bono (hoofsanger van die Ierse rockgroep U2) se outobiografie *Surrender: 40 Songs, One Story*.

Bono begin sy boek met die opmerking dat hy met 'n eksentriek hart gebore is. Kersfees 2016 ondergaan hy dan ook in die Mount Sinai-hospitaal in New York 'n reuse-operasie weens 'n beskadigde hartklep en 'n aortiese aneurisme. Ná agt ure se geslaagde chirurgie is hy dankbaar om te lewe, al voel dit vir hom of hy nie kan asem kry nie.

Met die terugblik op hierdie ervaring skryf Bono dat hy eers laat in sy lewe besef het dat sy sukses nie net die gevolg van harde werk en musikaliteit is nie. Op 'n meer basiese vlak is dit weens genetica se gawe aan hom: die gawe van lug. Omdat hy 130% van die normale longkapasiteit vir sy ouderdom het, kan hy op sy unieke en uitsonderlike wyse op die verhoog sing en beweeg.

Lug is inderdaad 'n wonderlike gawe. Dit gee stamina, selfvertroue en moed. G'n wonder dat die waarde van reg asemhaal toenemend in ons dag beklemtoon word nie. Vir Bono was dit daarom 'n traumatiese ervaring om homself in die noodeenheid te bevind in 'n stryd om lug: "Without air . . . without an air . . . without an aria."

Bono noem ook hoe die name wat mense vir God gee die assosiasie met asem oproep: Jehovahaaaah, Allaaaah, Yeshuaaaaah. Hieraan kan ons toevoeg dat die Hebreuse woord wat met God se Gees verbind word (ruag) ook wind en asem beteken. En deur asem oor iets of iemand te blaas word iets lewegewend oorgedra. Soos wanneer God volgens die skeppingsverhaal in Genesis 2 in die mens se neus asem van lewe blaas (vers 7). Of ons kan dink aan die vreemde handeling van die opgestane Jesus wanneer hy met sy verskyning aan die dissipels oor hulle asem blaas en sê: "Ontvang die Heilige Gees (Johannes 20:22)."

In die nadraai van die pandemie kan ons wonder oor so 'n gebaar, maar ons kan ons die krag daarvan in die Bybelse konteks indink. Mense wat beangs en kort van asem was, ontvang nou energie en 'n nuwe lewensdoel.

Ons leef inderdaad op geleende asem. Ons leef ook vanuit asem wat ons as 'n geskenk kan ontvang – asem wat, soos Victoria Lynn Garvey oor Jesus se geblaasde asem oor sy dissipels skryf, "ruik na opstanding". – RRV

wynandqnel@outlook.com 082 901 5877